Onderrig in Vlugteling- en Intern Ontwortelde Kampe

Beskikbare syfers wys dat daar ongeveer 13 miljoen vlugtelinge en 38 miljoen intern ontwortelde persone[1] regoor die wêreld is. Hierdie syfers sal waarskynlik groei weens die huidige gruwelike en voortdurende geweld in amper elke gedeelte van die wêreld, terwyl toestande van vlugtelinge en intern ontwortelde persone relatief onsigbaar bly. Onderrig in kampe word dikwels afgeskeep en geïgnoreer, en laat miljoene kinders en jongmense sonder veilige toegang tot kwaliteit en gratis onderrig. Onderrig is ongetwyfeld 'n fundamentele mensereg. Internasionale rolspelers en kampadministrateurs plaas egter hierdie reg in gedrang deur dit nie te prioritiseer nie.

Geweldadige konflik, natuurrampe en massiewe ekonomiese en sosiale ongelykhede het daartoe gelei dat miljoene mense hulle wonings ontvlug; baie eindig op in vlugteling- en intern ontwortelde kampe. Daar was tussen 2003–2013 gemiddeld 450 natuurrampe per jaar; in die 1970s was daar maar 'n gemiddeld van 90 per jaar.[2] Daar is tans 41 aktiewe konflikte soos gerapporteer deur die IISS Gewapende Konflik Databasis,[3] en toe die Instituut vir Ekonomie en Vrede 'n opname in 162 lande gedoen het, was daar slegs 11 lande wat as sonder beide interne en eksterne konflik beskou kon word.[4] State wat konflik ervaar het ekstensiewe probleme met onderrigkwaliteit, pariteit en toegang want staatsinstellings is op hulle swakste en enige beskikbare fondse word bestee aan militêre en verdedigingbegrotings. [5] Daar is egter 'n geleentheid in vlugteling- en intern ontwortelde kampe om die lewens en toekoms van die inwoners te verbeter sodat hulle hul tuislande kan ophef wanneer hulle gerepatrieer word, deur middel van die ontwikkeling van onderrig in die kampe.

Ongelukkig is veilige en gratis toegang tot onderrig nie gewaarborg nie. In 2008 het UNESCO gerapporteer dat slegs 69% van kinders van primêre skoolgaande ouderdom ingeskryf was in kampskole bestuur deur VNHKV; die syfer het gedaal na 30% inskrywing vir sekondêre skool.[6] Boonop is toegang tot onderrig in kampe nie altyd gratis nie; kinders word onderwerp aan kinderarbeid, of meisies raak betrokke in vroeë huwelike of seks om skool te bekostig. Veilige vervoer na en van skool moet verseker word aangesien baie kinders blootgestel word aan fisiese aanranding of verbale teistering. In skool duur die kommer oor kinders se veiligheid voort, aangesien skole teikens is vir gewapende aanvalle of militante geweld en kan selfs dien as werwingsentrums.[7]

Onderrig in vlugteling- en intern ontwortelde kampe kry nie baie aandag nie weens ander omstandighede wat onmiddelike bystand verg soos toegang tot kos, water en beskutting, asook bevegting van siektes en die behoefte aan sekuriteit. Kampe het permanente verblyf geword terwyl konflikte voortsleep of herbouing na natuurrampe afneem, en prioriteite reflekteer dikwels nie langtermyn doelwitte nie.

Die hindernisse vir veilige, kwaliteit onderrig is ontsaglik, en in kampe is die vermoë om wanbedryf te rapporteer beperk.[8] Geweld kom ook binne die skoolomgewing voor, vanaf onderwysers en ander volwassenes. Verplasing bied vroue en meisies veel minder hulpbronne en geleenthede, en laat hulle onbeskermd teen seksuele en geslagsgebaseerde geweld, uitbyting en ander menseregteskendings. Skole het die potensiaal om beskerming te bied teen seksuele en geslagsgebaseerde geweld, maar belegging in skole skiet tekort. In 2010 is onderrig slegs 4% van die begroting toegeken deur die Verenigde Nasies se liggaam verantwoordelik vir kwessies rakende vlugtelinge en intern ontwortelde persone, die Verenigde Nasies se Hoëkommissariaat vir Vlugtelinge (VNHKV).[9]

Sommige onderwysers is gedokumenteerde plegers van seksuele teistering en geweld. Onderwysers speel ook 'n belangrike rol in die skep en regulering van die klaskameromgewing. Onderwysers kan moontlik erge vorme van straf toedien, diskrimineer teen gemarginaliseerde groepe, en gevaarlike gedrag van studente versterk, soos die seksuele of fisiese teistering van ander studente. Meisies kan aan geweld en diskriminasie blootgestel word weens hulle geslag, en kan beperk word in hulle opvoeding weens kulturele of familie druk, gebrek aan veiligheid spesifiek vir meisies, of gebrek aan veilige areas in skole. Onderwysers in hierdie omgewings is in die minderheid en het dikwels nie enige noemenswaardige onderwysopleiding nie. Dit berei die weg vir skole wat onveilig is.

Skole kan addisionele ondersteuning bied wat nie in kampe gevind word nie. Byvoorbeeld, skole kan etes aan kinders verskaf en sodoende wanvoeding aanspreek, en kan inligting gee oor die verspreiding en voorkoming van siektes wat in kampe voorkom. Die voordele van belegging in en beskerming van onderrig in vlugtelingkampe strek wyer as die grense van die kamp. Sonder prioritisering van veiligheid, sekuriteit en voldoende hulpbronne vir onderrig in vlugteling- en intern ontwortelde kampe, doen internasionale liggame en Staatrolspelers jongmense tekort aan hulle mensereg tot onderrig – veral gemarginaliseerde groepe soos vroue en meisies.

Hulpbronne

- *Plan International* bevorder die regte en belange van kinders regoor die wêreld. Een van agt onderwerpe van belang is onderrig. Hulle is ook verantwoordelik vir die "Because I am a Girl" veldtog wat die ervaringe van meisies regoor die wêreld uitbeeld. http://plan-international.org
- *Education International* fokus op die regte van kinders in onderrig, geslaggelykheid, veilige skole en vrede deur onderrig, onder andere. http://www.ei-ie.org/en/uaas/issues_actions
- *Educate a Child* erken vlugtelingstatus as 'n groot struikelblok tot onderrig. Hulle projekte en vennootskappe kan hier gevind word: http://educateachild.org/explore/barriers-to-education/refugees
- *IISS* versamel syfers oor aktiewe konflikte, sterftes in gewapende konflikte en vlugtelinge terwyl hulle globale tendense volg. Die databasis kan hier gevind word: https://acd.iiss.org/en
- *Vision of Humanity* meet en volg die vreedsaamheid van elke land wêreldwyd jaarliks. Die 'Global Peace Index' kan hier gevind word: http://www.visionofhumanity.org/#page/indexes/global-peace-index/2015
- *The Global Partnership for Education* volg jaarliks die vordering van onderrigkwaliteit en toegang deur middel van verskillende aanwysers in lande waar hulle aktief is. http://datahub.globalpartnership.org/#/2012/access/gross_enrollment_rateger
- *Education for All*, 'n UNESCO program, reik 'n jaarlikse globale moniteringverslag uit gefokus op struikelblokke tot universele onderrig.
- In 2011 het die *Education for All Global Monitoring* verslag spesifiek gefokus op die verband tussen gewapende konflik en onderrig. Die verslag kan hier gevind word: http://unesdoc.unesco.org/images/0019/001907/190743e.pdf

---

[1] UNHCR. Internally Displaced People Figures. 2014 http://www.unhcr.org/pages/49c3646c23.html
[2] Plan International (February 2014) "In Double Jeopardy: Adolescent Girls and Disasters." http://plan-international.org/files/global/publications/campaigns/biag-2013-report-english.pdf
[3] International Institute for Strategic Studies. (N.d) "Armed Conflict Database." https://acd.iiss.org/en/
[4] Institute for Economics and Peace. (2015) "Global Peace Index." Vision of Humanity. http://www.visionofhumanity.org/sites/default/files/2014%20Global%20Peace%20Index%20REPORT.pdf
[5] Plan International. (February 2014) "In Double Jeopardy: Adolescent Girls and Disasters." http://plan-international.org/files/global/publications/campaigns/biag-2013-report-english.pdf
[6] United Nations Education, Scientific and Cultural Organization. (2011)"Education for All: The hidden crisis: Armed conflict and education.": http://www.unesco.org/new/fileadmin/MULTIMEDIA/HQ/ED/pdf/gmr2011-UNESDOC.pdf
[7] United Nations High Commissioner for Refugees. (June 2007) "Safe Schools and Learning Environment: How to Prevent and Respond to Violence in Refugee Schools." http://www.unhcr.org/4677981a2.html
[8] *Ibid.*
[9] Dryden- Peterson, Sarah. (November 2011) "Refugee Education." United Nations High Commissioner for Refugees. http://www.unhcr.org/cgi-bin/texis/vtx/home/opendocPDFViewer.html?docid=4fe317589&query=education